basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| PUNTE | |
|---|---|

# JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2014
# GRAAD 6 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
# TOETS

**PUNTE: 70**

**TYD: 1 ½ uur**

**PROVINSIE** ______________________________

**DISTRIK** ______________________________

**KRING** ______________________________

**NAAM VAN SKOOL** ______________________________

**EMIS-NOMMER (9 syfers)**

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | |

**KLAS (bv. 6A)** ______________________________

**VAN** ______________________________

**NAAM** ______________________________

**GESLAG (✓)**

| SEUN | | DOGTER | |
|---|---|---|---|

**GEBOORTEDATUM**

| C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Die toets bestaan uit 12 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

**Instruksies aan leerders:**

1. Lees al die instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord alle vrae in die spasies wat voorsien is.
3. Die toets duur 1½ uur.
4. Die onderwyser/es gaan jou help om die voorbeeld te beantwoord voordat jy die toets begin.
5. Skryf netjies en leesbaar.

**Oefenvoorbeeld**

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

   In watter graad is jy vanjaar?

   A vier

   B drie

   C ses

   D vyf

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy (C) omkring het.

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

## AFDELING A: LEES EN KYK

Lees die onderstaande storie en beantwoord VRAAG 1 tot 10.

Eendag was daar ŉ jong skaapwagter. Hy het aan die voet van ŉ berg, baie naby aan ŉ donker woud, skape opgepas. Hy was taamlik eensaam omdat hy redelik ver van die dorpie af was. Hy het amper nooit mense gesien nie en daarom het hy ŉ plan gemaak om ŉ bietjie pret en geselskap te kry.

Hy het na die dorpie gestorm en geskree: " Wolf! Wolf! " en die inwoners van die dorpie het hom tegemoet gestorm om hom en sy skape te red. Sommige inwoners van die dorpie het vir ŉ lang ruk by hom gebly om seker te maak dat hy veilig was. Hieroor was die seun so bly dat hy ŉ paar dae later dieselfde gedoen het. Weer het die inwoners hom kom help. Die seun was baie tevrede met sy plan.

Eendag het die wolf toe wél uit die woud gekom en die skape aangeval. Die seun het natuurlik uitgeroep: "Wolf! Wolf! " selfs harder as vantevore. Hierdie keer het die inwoners, wat al twee keer geflous was, sy geskree geïgnoreer. Hulle het gedink die seun jok weer en niemand het hom gaan help nie. Die wolf het toe baie van die seun se skape opgevreet.

Hy het ernstig by die oudstes van die dorpie gaan kla. Hulle het vir hom gelag, maar die wyse man van die dorpie het vir hom gesê:

*' Niemand glo ŉ leuenaar nie, al praat hy die waarheid.'*

[Aangepas uit *Aesop se fabels*]

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Die hoofkarakter in die storie is …

A die seun.
B die inwoners.
C die wyse man.
D die wolf. (1)

2. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Waarom het die seun die eerste keer “Wolf! Wolf!” geskree?

A Hy was gelukkig en opgewonde.

B Hy het die wolf in die woud gesien.

C Hy was eensaam en het geselskap gesoek.

D Hy was naby die donker woud. (1)

3. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Watter les leer ons uit die storie?

A Die seun is ’n leuenaar.

B Die inwoners is leuenaars.

C ’n Leuenaar word nie geglo nie.

D ’n Ou man sal geglo word. (1)

4. Gee ’n gepaste titel vir die storie.

____________________________________________________________ (1)

5. Waarom het die inwoners nie die derde keer uitgekom toe die seun “Wolf! Wolf!” geskree het nie?

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

6. Na jou mening, was dit reg van die seun om die inwoners twee keer te flous?

Merk die korrekte blokkie met ’n regmerkie (✓). Gee ’n rede vir jou antwoord.

| Ja | Nee |
|---|---|
| | |

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

7. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat beteken die woord ‘geselskap’ in die teks?

A Dit is mense om mee te gesels.

B Dit is ŉ groep mense in ŉ soekgeselskap.

C Dit is ŉ groot trop skape.

D Dit is die hele dorpie. (1)

8. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Watter tipe persoon is die seun?

A Hy bak graag poetse.

B Hy hou daarvan om skape op te pas.

C Hy word deur die inwoners gerespekteer.

D Hy bak poetse omdat hy eensaam is. (1)

9. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat is ŉ skaapwagter?

A Iemand wat bokke oppas

B Iemand wat skape oppas

C Iemand wat varke oppas

D Iemand wat beeste oppas (1)

10. Waar het die seun sy trop opgepas?

__________________________________________________

__________________________________________________ (2)

Bestudeer die volgende gedig en beantwoord die vrae.

**Die wind en die maan**

Skoorsteenberg se skoorsteen is al wat nog bly staan
van die huis wat die wind gebou het
toe hy wou trou met die maan.

Die wind kon die maan nie kry nie: die son het sy bruid gesteel;
Nou dwaal hy snags soos ŉ oumens deur die Groot Karoo en speel
Op sy treurige rietjiesfluitjie
soos ŉ nagvoël wat eensaam kweel.

Oskar Prozesky
(Aangepas)

11. Watter woord in die derde reël rym met 'staan'?

_________________ (1)

12. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Die herhaling van die beginklank '**S**' in "**S**koorsteenberg **s**e **s**koorsteen **s**taan" is ŉ voorbeeld van ...

A alliterasie.

B metafoor.

C personifikasie.

D klanknabootsing. (1)

13. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

"Nou dwaal hy snags soos ŉ oumens deur die Groot Karoo", is ŉ voorbeeld van ...

A ŉ vergelyking.

B personifikasie.


C ŉ metafoor.

D assonansie. (1)

14. Hoe het die wind gevoel toe die son sy bruid gesteel het?

_______________________________________________ (1)

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




15. In watter maand word die meeste verjaarsdae gevier?

_____________________ (1)

16. Gedurende watter twee maande word dieselfde hoeveelheid verjaarsdae gevier?

_______________________________________________ (2)

17. In watter maand word twee verjaarsdae gevier?

_____________________ (1)

18. Wat is die titel van die grafiek?

_______________________________________________ (1)

**TOTAAL AFDELING A: 22**

**AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES**

19. Verbind die twee sinne met die woord tussen hakies.

Die seun het hard geskree. Die inwoners het hom kom help. (en)

_______________________________________________ (2)

20. Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.

Die honger wolwe maak die skape dood.

_______________________________________________ (1)

21. Onderstreep die korrekte spelling van die woord tussen hakies.

Die kinders sit onder die (bomme / bome) by die atletiek. (1)

22. Skryf die sin oor deur die korrekte hoofletters en leestekens in te vul.

sal thandi skool toe gaan

_______________________________________________ (3)

23. Onderstreep die korrekte voorsetsel tussen hakies.

23.1 Die wolf het (uit / vir) die woud gekom. (1)

23.2 Hulle het (na / vir) die seun gelag toe hy gekla het. (1)

24. Gee 'n antoniem (woord met die teenoorgestelde betekenis) vir die onderstreepte woorde.

Die seun <u>lag</u> omdat die mans te <u>vroeg</u> gekom het om die skape te red.

lag - ____________________ (2)

vroeg - ____________________

25. Gee 'n sinoniem (woord met dieselfde betekenis) vir die onderstreepte woord.

Die seun was baie <u>ongelukkig</u> toe sy skape gevrek het.

________________________ (1)

26. Voltooi die volgende tabel met die korrekte trappe van vergelyking.

| | Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap | |
|---|---|---|---|---|
| 26.1 | vinnig | | vinnigste | (1) |
| 26.2 | moeilik | moeiliker | | (1) |

27. Skryf twee sinne neer wat die verskil in betekenis van die woord 'reg' aandui.

Sin 1______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

Sin 2______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

28. Skryf die volgende sinne in die ontkennende vorm.

28.1 Die skaapwagter maak 'n plan.

______________________________________________________________ (1)

28.2 Die inwoners het tot die einde van die dag by hom gebly.

______________________________________________________________ (1)

29. Gee die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woorde.

My <u>ouma</u> en <u>oom</u> gaan by ons kom kuier.

29.1 ouma - ____________________ (1)

29.2 oom - ____________________ (1)

30. Onderstreep die bywoorde in die volgende sinne.

30.1 Die wolf het skielik verskyn. (1)

30.2 Kom gou, ek het goeie nuus vir jou. (1)

31. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Die slang kruip (dag) agter die huis weg.

________________ (1)

32. Vul die besitlike voornaamwoord in.

Die hond het _____been in die tuin begrawe. (1)

33. Gee 'n geskikte voorvoegsel om die teenoorgestelde betekenis aan die onderstreepte woord te gee.

Sy is ____gemaklik wanneer sy 'n sonbril dra. (1)

34. Onderstreep die stam in die volgende woord.

waarheid (1)

35. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

35.1 Hy het uit die boom geval en (hom) arm gebreek .

___________ (1)

35.2 Sy eet (sy) gunstelingkos vanaand.

___________ (1)

36. Lees die onderstaande teks.

Beskryf in sinne drie aksies van die netgooispinnekop en drie aksies van die mierleeu.

**Spesiale Toertjies**

Die **netgooispinnekop** kom in Suid-Afrika voor. Snags spin die spinnekop ŉ web wat ongeveer die grootte van ŉ posseël is. Hy hou hierdie klein web tussen sy lang bene vas en sit en wag. Wanneer ŉ vlieg verbykom, strek die spinnekop sy web tot ses keer sy oorspronklike grootte. Die spinnekop gooi die web oor die vlieg wat dan hulpeloos vassit.

Die **mierleeu** is ŉ strikspanner. Hy grawe ŉ klein gaatjie in droë, sanderige grond. Die gaatjie is in die vorm van ŉ tregter. Die mierleeu grawe homself aan die onderkant in en wag met skerp knypers wat opwaarts wys. Wanneer ŉ insek na die rand van die gaatjie kom, gly hy teen die gladde kante af. Die insek kan homself nie help nie en word gou gevang in die kake van die mierleeu wat aan die onderkant wag.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (6)

**TOTAAL AFDELING B: 34**

## AFDELING C: SKRYF EN AANBIED

37. Stel jou voor dat jy die roudiens van voormalige President Nelson Mandela by die FNB-stadion bygewoon het. Skryf ’n vriendskaplike brief aan jou nefie/niggie waarin jy vir hom/haar vertel van jou ervarings by die diens en die belangrike mense wat jy gesien en gehoor het.

Jou brief moet die volgende kenmerke bevat:

- Adres
- Aanhef
- Inleidende paragraaf
- Liggaam
- Slot

(14)

**GROOTTOTAAL: 70**

**TOTAAL AFDELING C: 14**

**Slegs vir onderwyser/nasiener se gebruik.**

**Puntetoekenning vir VRAAG 37.**

| Kriteria | Maksimum Punt | Leerder se Punt |
|---|---|---|
| Briefformaat | 5 | |
| Taalstrukture | 5 | |
| Inhoud | 4 | |
| **TOTAAL** | 14 | |